**KAAPLANDSE ONDERWYSDEPARTEMENT**

**CAPE EDUCATION DEPARTMENT**

Omsendbrief: 27/1995

Leêr : F/TS-19/4/B

Navrae : Mev. Vermeulen

Telefoon : 403-6369

Privaatsak 9114
KAAPSTAD
8000

7 April 1995

AAN

HOOFDE VAN ALLE EX KAAPLANDSE ONDERWYSDEPARTEMENT-ONDERWYSINRIGTINGS, LEDE VAN DIE ONDERRIGLEIDINGSDIENS EN OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS, HOOFDE VAN SKOLE VIR BUITENGEWONE ONDERWYS, REKTORE VAN ONDERWYSKOLLEGES EN PRINSIPALE VAN TEGNIESE KOLLEGES, ADMINISTRATIEWE HOOFDE VAN STREEKKANTORE, HOOFDE VAN MUSIEK-, KUNS- EN ONDERWYSERSENTRUMS

VERANDERING VAN BETAALDATUMS

Die samesmelting van die Persalstelsels van die ex Kaaplandse Onderwysdepartement en die ex Raad van Verteenwoordigers het 'n verandering in die betaaldatums van salarisse teweeggebring.

Die salarisbetaaldatums van werknemers van die ex Kaaplandse Onderwysdepartement is vanaf April 1995 soos volg:

**Betaalgroep 1**

Betaaldatum: 15de van 'n maand
Indien die dag op 'n naweek val, sal die betaaldatum die daaropvolgende Maandag wees

2/....

Persone betrokke: Alle KS-Opvoeders aan hoofkantoor
Alle permanente administratiewe personeel
Alle permanente algemene assistente

**Betaalgroep 2**

Betaaldatum: Laaste werksdag van 'n maand

Persone betrokke: Alle personeel op proef
Alle doserende personeel aan tegniese kolleges
Alle tydelike administratiewe personeel by kantore
Alle tydelike algemene assistente by kantore

**Betaalgroep 9**

Betaaldatum: Laaste werksdag van 'n maand; laaste dag van 'n kwartaal

Persone betrokke: Alle permanente en tydelike KS-opvoeders en doserende personeel aan skole en onderwyskolleges
Alle tydelike algemene assistente en tydelike administratiewe personeel

Alhoewel die verandering van betaaldatums programmaties geskied, kan daar foute voorkom. Indien daar van u personeellede op die verkeerde dag betaal word, moet u die Departement onmiddellik daarvan in kennis stel, asseblief.

WND. UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERWYS

EX200405